


**Koel en vars. Blaai om en
brei hierdie somertoppie vir
die warm dae wat nog voorlê.**

Deur Anita Fourie



Somerkoeel

BENODIGHEDE

Pinquoin-breidraad (50 g-bolle); 3(3; 4; 4; 5) bolle Prestige Kandy wit (kleur-nr. 01, A), 4(4; 5; 5; 5) bolle Prestige Ribbon Blanc (01, B) en 3(3; 4; 4; 5) bolle Gold Medal Double Crepe, wit (01, C); 'n paar elk Inox-breinaalde van 3,50 mm en 4,50 mm; reserwenaald.

Let wel: Tensy aanbevole breidraad gebruik word, kan Pinquoin geen verantwoordelikheid vir die voltooide werk aanvaar nie.

MATE

Om borsmaat van 77(82; 87; 92-97; 102) cm lossies te pas; ware grootte, borsmaat 87(94; 101; 108; 115) cm; lengte tot skouer 4(51; 53; 55; 57) cm.

SPANNING

Doen 'n spanningstoets. Gebruik 4,50 mm-naalde: 20 ste = 10 cm oor streep-patroon en 30 patroonrye = 11 cm. Die regte spanning is uiters belangrik; indien daar te min steke in jou toetslap-pie is, moet dunner, en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word.

AFKORTINGS

alt – alternatiewe

aw – brei awereg

beg – begin

gv – gare vorentoe

grtgso – glip 1 st, brei 1 st regs, trek glipst oor

herh – herhaal

ms – mossteek, r1, aw1 en verspring elke ry

N(e) – naald(e)

oorbl – oorblywende

pat – patroon

r – brei regs

rs – reksteek (elke ry regs)

R(V)K – regte (verkeerde) kant van werk

st(e) – steek(steke)

vlg – volgende

weersk – weerskante.

Kantpatroon: 1e ry: r2, *gv. r2. grtgso, r2tes, gv. r1*; herh van * tot *, eindig met r1.

2e ry: Deurgaans aw. Dié 2 rye vorm kantpat.

Streeppatroon: Word in aanwysings uiteengesit.

AGTERPANT

Gebruik 3,50 mm-Ne en B en stel 87(94; 101; 108; 115) ste op. Brei 4 rye rs.

Slaan oor na 4,50 mm-Ne, heg A vas en brei streepat soos volg; knip werk-draad af en heg dit vas soos benodig.

1e-10e ry: Met A; brei 1e en 2e ry van kantpat 5 keer. Slaan oor na B.

11e-14e ry: Brei 4 rye rs met B. Slaan oor na C.

15e ry: Deurgaans r. Slaan oor na ms.

16e ry: *r1, aw1*; herh van * tot *, eindig met r1(0; 1; 0; 1).

17e ry: r1(0; 1; 0; 1), *aw1, r1*; herh van * tot *.

18e-20e ry: Herh 16e en 17e ry een keer, dan weer 16e ry.

21e-24e ry: Brei 4 rye ms met C. Slaan oor na B.

25e ry: Deurgaans r.

26e ry: aw1, *aw vlg st en draai werk-draad 3 keer om N; herh van * tot laaste st, aw1 gewoonweg. Slaan oor na C.

27e ry: r1, *r vlg st en laat die 2 ekstra ste van N afglip om 'n lang lus te vorm; herh van * tot laaste st, r1.

Trek aan die einde van hierdie ry die werk versigtig van onder af om die lusse eweredig te maak.

28e ry: Met C, r; verseker dat elke st op N gebrei word, sonder om die lang lusse te vang.

29e en 30e ry: Met C, r. Hierdie 30 rye vorm een pat-herhaling.

Brei pat sonder vorming tot werk 49(51; 53; 55; 57) cm lank is, van beg af, eindig met 'n VK-ry.

Skryf die totale aantal pat-rye neer.

Let wel: Sorg dat die pat deurlopend bly wanneer vermin-rye gebrei word.

Wanneer jy die 27e ry brei, moet jy geen ekstra lusse aan ste, wat in die vlg ry afgeheg moet word, maak nie.

Skouer- en halsvorming, 1e ry: Heg 7(8; 8; 9; 10) ste af, brei tot 21(23; 25; 27; 29) ste op regternaald is, heg vlg 31(32; 35; 36; 37) ste af, brei tot einde.

Linkerskouer: Brei slegs op die 28(31; 33; 36; 39) ste aan einde van N.

Heg 7(8; 8; 9; 10) ste af aan beg van vlg ry en 4 ste aan halsrand van daaropvlg ry.

Herh laaste 2 rye een keer, heg dan oorbl 6(7; 9; 10; 11) ste af om skoueraf-

skuinsing te voltooi.

Regterskouer: Heg die bypassende kleur aan halsrand van oorbl ste vas, heg 4 ste af, brei tot einde.

Heg 7(8; 8; 9; 10) ste af aan beg van vlg ry, en 4 ste aan halsrand van daaropvlg ry.

Heg oorbl 6(7; 9; 10; 11) ste af.

VOORPANT

Soos agterpant tot breiwerk 20 rye korter as agterpant is (tot waar skouervorming begin). Eindig met 'n VK-ry.

Hals- en skouervorming, 1e ry: Brei 35(38; 41; 44; 47) ste en plaas hulle op 'n reserwenaald.

Heg vlg 17(18; 19; 20; 21) ste af, brei tot einde.

Regterskouer: Brei ry op die oorbl 35(38; 41; 44; 47) ste.

****** Heg 3(3; 4; 4; 4) ste af aan beg van vlg ry, 2 ste aan dieselfde rand in daaropvlg 4 alt rye, dan 1 st in vlg 4 alt rye.

Brei 2 rye op oorbl 20 (23; 25; 28; 31) ste, eindig dus aan syrand.

Skouerafskuinsing: Heg 7 (8; 8; 9; 10) ste aan beg van vlg ry en daaropvlg alt ry af. Brei nog 1 ry en heg dan oorbl 6 (7; 9; 10; 11) ste af.

Linkerskouer: Heg werkdraad aan halsrand van oorbl ste vas en voltooi soos regterskouer van ** tot einde.

AFWERKING

Werk regterskouernaat toe.

Halsboordjie: Met RK voor, 3, 50 mm-Ne en B, tel op en r 64(65; 68; 69; 70) ste uit halsrand van voorpant en 48 (49; 52; 53; 54) ste uit halsrand van agterpant – 112 (114; 120; 122; 124) ste. Brei 4 rye rs en heg taamlik lossies af.

Werk linkerskouernaat en kort kante van halsboordjie aaneenlopend toe.

Merk aan weersk op syrand 'n punt, 19 (20; 21; 21; 22) cm onderkant skouernate, om armsgate aan te dui.

Regterboordjie: Met RK voor, 3,50 mm-Ne en B, tel op en r 42(44; 46; 46; 48) ste uit agterpantrand tussen merker en skouernaat, en dieselfde aantal ste uit voorpantrand tot merker – 84(88; 92; 92; 96) ste. Brei soos uiteengesit vir halsboordjie.

Linkerboordjie: Soos regter-, maar begin onderaan voorpantrand. Werk synate toe, sorg dat pat ooreenstem.